die Wapad

Jaargang XV — MAANDAG, 23 MEI 1960 — Nr. 6

OFFISIËLE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. VIR C.H.O.

In hierdie uitgawe

- ★ Oor Japie Basson se vergadering
- ★ Die All Blacks op Potchefstroom
- ★ Pukke na Uniefees
- ★ Die Nuwe Huisvader
- ★ Selfwerksaamheid gesteun

# Proff. Du Plessis en Du Toit in Simposium oor Nasionalisme

**IN NOUE AANSLUITING met prof. S. du Toit het prof. L. J. du Plessis Woensdagaand tydens die simposium van A.S.B. en Korps, oor nasionalisme, aangedui dat die nasie nie sentrum van die lewensbeskouing van 'n volk mag wees nie.**

Die kenmerk van 'n nasie is dat 'n verenigde groep bewus word van sy eenheid wat in die geskiedenis gegroei het. 'n Begeerte tot samehorigheid ontstaan en die groep streef dan om sy nasionale eenheid in 'n eie staat te beliggaam. Die nasionale eenheidstrewe openbaar hom ook in 'n eie kuns en lewenswyse—die sogenaamde „way of life".

Die probleem van die swart state van Afrika is dat staatsmag binne 'n baie kort tyd moet wissel van stamverband tot 'n moderne nasionale staat, bestaande uit 'n konglommerasie van stamme sonder om noodwendig 'n taaleenheid te wees.

Die kerk, vakunies en verskeie politieke organisasies word gebruik om die eenheid van die politieke state te smee.

**ONTWIKKELING**

Nasionalisme wat opwel in 'n volk hoef nie noodwendig spontaan uit die volk te kom nie, maar word



Professor Du Plessis.

gerig deur leiers en individue. Suid-Afrika verkeer tans in die oorgangstadium waar die blanke gebiedskeiding moet verhaas ter wille van afsonderlike ontwikkeling.

Prof. Du Toit het verklaar dat nasionalisme deur God gewil is en die begrip nasionalisme aan die hand van die Skrif verduidelik.

Differensiasie van rasse en ontstaan van nasies is egter vir die wêreld nie 'n vloek nie, en onderlinge verskille tussen nasies, durf nie sumier uit die weg geruim te word nie. Dit sou 'n stap tot imperialisme wees, wat die dood van inisiatief beteken.

'n Volk en taal mag nie versmelt in 'n groot kosmopolitiese staat nie.

**VEROORDEEL**

Die Bybel veroordeel selfsugtige nasionalisme (chauvinisme) — 'n gevaar waaraan die Afrikaner nie altyd ontkom het nie. Liefde vir die volk mag nie verheerliking van die volk word nie, want God mag alleen verheerlik word. Nasionalisme mag nie ontwikkel tot 'n halwe godsdiens nie.

Die Kerk van Christus oorkoepel alle nasies en volke en aldus mag daar geen sprake wees van 'n nasionale of volkskerk nie.

Mnr. J. J. de Wet Krüger het opgetree as voorsitter en mnr. F. R. P. de Bruyn as sekretaris.

## Redakteur na Kaapstad

Die redakteur van Die Wapad, mnr. D. A. S. Herbst, is deur die Studenteraad afgevaardig om die konferensie van die Suid-Afrikaanse Universiteite Persvereniging by te woon.

Die konferensie val saam met die NUSAS-kongres in Kaapstad en vind tydens die eerste week van Julie plaas.

In die vorige uitgawe is reeds vermeld dat mnr. Hennie van der Walt die NUSAS-kongres as waarnemer sal bywoon.

# STUDENTERAAD STEUN SELFWERKSAAMHEID

DIE VERSLAG van die beleidsraad van die A.S.B. van die pas afgelope kongres is tydens die jongste Studenteraadsvergadering deeglik bespreek, deel mnr. Hennie van der Walt, voorsitter van die Studenteraad en president van die A.S.B., Die Wapad mee.

Die beleidsraad van die A.S.B. word saamgestel uit voorsitters van die verskillende studenterade of afgevaardigdes van sentra. Die beleidsraad vergader voor elke A.S.B.kongres.

Mnr. Van der Walt het die verslag van die beleidsraad aan die studenteraad voorgelê. Meer as die helfte van die tyd van die vergadering, wat tot om twee-uur die oggend geduur het, is hieraan bestee.

Selfwerksaamheid wat tydens die A.S.B.-kongres in 1959 te Pretoria ter sprake gekom het, is ook bespreek. Tydens bogenoemde kongres is 'n verslag gelewer oor die kongres van die arbeidsorganisasie van skoolgaande jeug wat namens die A.S.B. deur mnr. Van der Walt bygewoon is.

**OPDRAG**

Na aanleiding van hierdie verslag is opdrag gegee aan mnre. Van der Walt en Abe de Beer (N.K.P.), wat in beginsel toe reeds deur die A.S.B.-kongres aanvaar is, in referaatvorm uit te werk. Hierdie referaat is reeds voor 'n massavergadering van Pretoria Normaalkollege gelewer en het die belowende reaksie uitgelok.

Die praktiese toepassing van selfwerksaamheid is ondersoek deur mnr. Daan van der Merwe, Direkteur van Rasse-aangeleenthede van die A.S.B. Tydens die afgelope kongres is die moontlikheid van toepassing in die praktyk aanvaar, en 'n versoek is gerig aan alle studenterade, wat onder die A.S.B. ingeskakel is, om die saak plaaslik te ondersoek en op die volgende kongres verslag te doen.

**VERSOEK**

Na aanleiding hiervan het die Studenteraad hom tydens die jongste vergadering in beginsel ten gunste van selfwerksaamheid uitgespreek. 'n Versoek is gerig aan die plaaslike aangewese A.S.B.-kommissie wat die saak moet ondersoek om aan die Studenteraad verslag te lewer.

Die Studenteraad het verder alle grondwetlike veranderings binne die A.S.B. goedgekeur behalwe die lidmaatskapverandering en grondslag van verteenwoordiging van studenterade op kongresse. 'n Kommissie van die Studenteraad is aangewys om die voorgestelde proporsionele verteenwoordiging van studenterade te ondersoek.

## Woord en Daad

Korps beoog 'n massaverspreiding van Woord en Daad, die amptelike orgaan van die Afrikaanse Calvinistiese Beweging, tydens die eerskomende Julievakansie.

Alle Korpslede word uitgenooi om deel te neem aan die onderneming. Vergoeding sal geskied op 'n moontlike persentasiegrondslag op die aantal lede wat gewerf word.

# Die All Blacks is Saterdag op Potchefstroom

TWEE PUKKE is ingesluit in die span van die Noordelike Universiteite wat die All Blacks Saterdag in die eerste wedstryd van hul toer op Olënpark aandurf. Hulle is Piet Steinberg en Frans de Bruyn.

Agt Tukkies en vyf Witsies is in die span, wat oor die algemeen tevrede stel, ingesluit. Agt van die spelers het reeds vir provinsiale spanne op die veld gedraf.



Piet Steinberg.

Henry Steynberg, slot en kaptein van Tukkies, sal die span aanvoer.

**VOORSPELLING**

Na verwagting sal een van die grootste skares wat nog ooit 'n rugbywedstryd op Potchefstroom bygewoon het, die pawiljoene Saterdag volpak. Hoewel 'n voorspelling in hierdie stadium onmoontlik is, word 'n aanskoulike botsing in die vooruitsig gestel. Studente is immers bekend vir oop en aanskoulike voetbal.

Dit lyk egter of die voorspelers gaan swaar leef teen die manne met die silwervaring, maar in die losspel behoort die studente deeglik van hulle self rekenskap te gee.

Die volledige span is: F. Botha (U.P.), M. Antelme (W.), A. Pieterse (U.P.), M. van Niekerk (U.P.), K. Boonzaier (W.); A. Prinsloo (U.P.) en J. Goosen (U.P.); L. Bernstein (W.), Lloyd-Smith (W.), F. de Bruyn (P.U.), W. Vermaas (U.P.), H. Steynberg (U.P.), E. Scott (W.), P. Steinberg (P.U.) en K. Claassen (U.P.).

● 'n Woordjie van hartlike gelukwense aan die twee Pukke, en sterkte aan al die manne vir Saterdag se wedstryd.



Frans de Bruyn.

**ALL BLACKS**

**Die All Blacks kom Vrydag in Potchefstroom aan en sal die Universiteit in die loop van die dag besoek.**

***Na Uniefeesvakansie:***

★ **POSKAARTE MET FOTO'S VAN ELKE UNIVERSITEITSGEBOU BESKIKBAAR**

***En onthou!***

★ **NA AANKOOP VAN 10 GRAMMOFOONPLATE KRY U EEN GRATIS!**

*ALLES BY DIE GESELLIGSTE KUNSSENTRUM VAN POTCHEFSTROOM*

Fotokuns — TOMSTRAAT 82—FOON 3185

# MEESTERLIKE UITVOERING VOOR STAMPVOL SAAL

MET 'N MEESTERLIKE uitvoering het die Hongaarse strykkwartet Vrydag hul debuut in Suid-Afrika voor 'n stampvol saal in die nuwe Konservatorium van die Potchefstroomse Universiteit gemaak.

Met hierdie uitvoering is die luisterryke musiekfees van die konservatorium op 'n hoë noot afgerond en beëindig.

Die Hongaarse strykkwartet het komposisies van Mozart, Schubert en Debussy voortreflik uitgevoer. Die leier, Zoltan Szekely, het die kwartet op meesterlike wyse na groot hoogtes gevoer.

Hul samespel was deurgaans besonder musikaal en gevoelvol. Hulle het die musikale vindingrykheid van kunstenaars van groot formaat geopenbaar in die sensitiewe en ryk kleurnuanserings van hul spel.

BALANS

Tiperend van hul spel is die fyndeurvoelde balans tussen rede en emosie—nooit het hul verval in eksesse van gevoel nie. Hierdie eienskap het bygedra tot die besonder geslaagde uitvoering van die Schubertkwartet in D-mineur.

Die kunstenaars setegniese vaardigheid en sterk ritmiese inslag het veral tot openbaring gekom in die vertolking van die strykkwartet in G-mineur van Debussy. Hier het hulle die hooftema op besonder musikale wyse gehanteer en uitgebou tot onvergeetlike formaat. Aan die hoë tegniese eise wat hierdie meesterlike komposisie van Debussy stel, het hul met gemak voldoen.

Die briljante vertolking van die suggestiewe pizzicato passasies van die tweede beweging van die Debussywerk, is onvergeetlik uitgevoer.

Die uitvoering van die Schubertkwartet in D.-mineur het die kroon op die geslaagdheid van die aand gespan, en is met luide toejuiging van die gehoor ontvang.

## Gedigte Bespreek

Is 'n spesifieke gedig van D. J. Opperman en een van Peter Blum te versoen met die Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing?

Hierdie onderwerp het onlangs lewendige bespreking uitgelok van lede van die Estrarte Letterkundige Vereniging en die probleem is van verskeie kante gesien. Die gedigte wat bespreek is, was „Kersliedjie" van Opperman en „Opwekkingspreek" van Blum.

Mnre. Tys Rossouw en Gert Scholtz het as inleiers teenoorgestelde standpunte ingeneem. Die vergadering het egter besluit om nie sonder meer die gedigte te verdoem of te veroordeel nie.

● Mnr. Gert Scholtz is gekies tot nuwe voorsitter van Estrarte.

## Roman Verfilm

Mnr. Gerrit du Plessis, voormalige Pukstudent en tans onderwyser, het onlangs die onderskeiding te beurt geval dat sy roman, Die Reguit Pad, deur die Jamie Uys-rolprentmaatskappy vir verfilmingdoeleindes gekoop is.

Mnr. Du Plessis is 26 jaar gelede in Bloemfontein gebore. Sy hoërskoolopleiding het hy aan die Potchefstroomse Hoër Volkskool geniet waarna hy as B.A.-student aan die P.U. vir C.H.O. ingeskryf het. Nadat hy vir 'n jaar lank onderwys gegee het, het hy vir verdere studie na die Puk teruggekeer. Hy behaal vervolgens sy B.A.-honneurs en die M.A.-graad. Hy keer terug na die onderwysberoep, maar laat vaar dit in 1958 om 'n pos by die S.A.U.K. te aanvaar.

Hy skryf verskeie kortverhale, maar Die Reguit Pad is die eerste roman waaraan hy hom gewaag et.

# MEER AS HONDERD PUKKE NA UNIEFEES

Meer as 100 Pukke vertrek op Woensdag, 25 Mei, na Bloemfontein om deel te neem aan die Uniefeesvieringe. Hulle sal vyf dae lank daar vertoef en keer weer op Dinsdag, 31 Mei, terug.

Die studente sal in die Tentedorp tuisgaan, en 'n koorgroep van 37 lede en 'n Volkspelegroep van 22 lede, sal tydens die verrigtinge optree.

Die Potchefstroomse Universiteitskoor, onder leiding van Pieter de Villiers, verteenwoordig die Noordelike Universiteite en sal aan 'n drie uitvoerings deelneem. Op 27 en 29 Mei sal hul deelneem aan 'n massakoor van 3,000 stemme wat in die feesstadion sal optree met gewyde liedere en ligte Engelse en Afrikaanse volksliedjies.

KOORPROGRAM

Saam met vyf van die Unie se beste kore tree die koor op Maandag, 30 Mei, in 'n koorprogram in die Bloemfonteinse stadsaal op. By hierdie geleentheid sal die koor koorstukke van die 16de en 17de eeu, lewer.

Onder beskerming van die Transvaalse Uniale Volkspelebeweging sal die Volkspelegroep met Wynand van der Merwe as leier, aan die massavolkspeledemonstrasie van Maandag, 30 Mei, deelneem.

Mnr. Jan Boneschans tree as leier van die Uniefeesgangers op, en mejj. J. en A. Snyman en mnr. Pieter de Villiers sal as reisouers optree.

## Het U Geweet?

Die waarde van die instrumente waarop die Hongaarse strykkwartet Vrydaagaand gespeel het, beloop £3,000.

Toe die leier van die kwartet, Zoltan Szekely, in sy jeugjare 'n uitvoering in die Albert Hall, London, gelewer het, was 'n lid van die gehoor so beïndruk dat hy aangebied het om enige instrument vir hom te koop. Szekely het toe die Michaelangelo Stradivarius, waarop hy Vrydagaand gespeel het, uitgekies.

## Musiekkongres

Die kongres van die Transvaalse Konvensie van die Musiekonderwysersvereniging het op 21 Mei op Potchefstroom plaasgevind.

Musiekonderwysers van oor die hele Transvaal en dele van Noord-Vrystaat was teenwoordig op die kongres.

Die hoofdoel van die kongres was besprekings wat die musiekonderwys-professie raak. Besprekings is afgewissel deur 'n plaaslike blokfluitgroep en 'n kinder-blaasorkes van Pretoria, wat uitvoerings gelewer het.

Mnr. A. W. Wegelin het voordragte gelewer oor moderne musiek in Europa soos hy daarmee kennis gemaak het gedurende sy onlangse toer.

Die president van die kongres was mnr. Basil Taylor.

# SEMINAAR OOR DIE FEDERASIE

VIER DOSENTE en een nagraadse student het tydens die jongste vergadering van die Afrika-Seminaar met lesings oor die Federasie van Rhodesië en Njassaland opgetree.

Hulle was proff. J. S. van der Merwe en J. H. Coetzee, drs. D. P. Erasmus, J. S. du Plessis en mnr. Gert Snyman.

Interessante gegewens oor die bevolkingsamestelling in die Federasie is deur prof. Coetzee verstrek. In Suid-Rhodesië is daar een blanke vir elke 12 Bantoe, in Noord-Rhodesië een vir elke 31 en in Njassaland een vir elke 316.

Die Federasie is egter oor die algemeen dun bevolk—slegs 16.2 persone per vierkante myl.

Mnr. Snyman het die staatkundig-administratiewe ontwikkeling van die Federasie behandel.

PROEFNEMING

Hy het verklaar dat 'n groot proefneming in rasseverhoudinge tans in die Federasie aangewend word. Sowat 200 duisend blankes en 6 miljoen nie-blankes word onder die vlerk van Brittanje verenig. In die praktyk is die blanke minderheidsgroep tot dusver die sterkste groep in die gebied, sodat daar 'n mate van ongelykheid op staatkundige gebied bestaan.

Die verskil in beskawingspeil, raseienskappe tussen die blanke en die nie-blanke, speel 'n groot rol in die voortbestaan van hierdie ongelykheid.

APARTHEID

Die blanke bevolking van Rhodesië is nie voorstanders van rassevermenging nie en pas in die praktyk apartheid toe, het mnr. Snyman gesê.

Dr. Du Plessis het 'n geskieddat die Federasie effens groter as die Unie is: die oppervlakte is 486 duisend vierkante myl teenoor 472 duisend vierkante myl van die Unie.

Prof. Du Plessis het 'n geskiedkundige oorsig van die gebied gegee en verklaar dat finale reëlings oor die totstandkoming van die Federasie eers in 1953 beklink is, hoewel die saak reeds in 1938 ondersoek is.

Die volksinkome van die Federasie was in 1958 slegs £40 per hoof in vergelyking met £122 in die Unie vir dieselfde jaar, het dr. Erasmus gesê.

Landbou, en veral die verbouing van tabak, beklee 'n vername plek in die volkshuishouding van die Federasie. Suid-Rhodesië is die vernaamste veeprodusent en Noord-Rhodesië is die wêreld se tweede vernaamste koperleweransier.


volryp goue tabak




verreweg die beste koop teen 1/9 vir twintig

P32a





Claustrophobia?

★

IS U BEKOMMERNIS DIE WOORD „STUDIE"?

MAAK DAARDIE WOORD INTERESSANT EN DUIDELIK —

KOM NA

PRO REGE PERS

DIE POTCHEFSTROOMSE BOEKHANDEL

BOEKHANDEL ANTIKWARIAAT

Kerkstraat 95 — Tel. 1164





„Aitsa!"

*As die DAMES so sê moet jy weet die Jongeheer koop sy klere by:*

J. TOD SUTTIE

Kerkstraat 177 — Telefoon 1

POTCHEFSTROOM

# Studente en Bassonvergadering — 'n Kollegiale Antwoord

**IN 'N HOOFARTIKEL in die Potchefstroom Herald van 13 Mei betreur die redakteur van die blad die optrede van studente tydens die onlangse vergadering van mnr. Japie Basson in die stadsaal. Volgens die artikel was studente verantwoordelik vir steurings en het hulle mnr. Basson nie die geleentheid gegun om sy saak te stel nie.**

Ons gee die redakteur gelyk dat dit noodsaaklik is—veral in ons krisistyd—om besinnend te luister en dienooreenkomstig te handel. Hiervolgens is hy geregverdig as hy sê dat 'n persoon—indien hy iets betekenisvols het om mee te deel—'n billike gehoor verdien.

Ons het dit egter daarteen dat studente alleen verantwoordelik gehou word vir die steurnisse (disturbances). Ons het dit verder teen die inkonsekwentheid van die artikel. Hoewel die redakteur in die laaste paragraaf verklaar dat slegs 'n groep studente vir die steurnisse verantwoordelik was, skep die eerste gedeelte daarvan gladnie die indruk dat dit slegs op 'n groep studente betrekking het nie. (Later meer hieroor.)

### WANBEGRIP

1. Hy verklaar: „Half adult students dominated and monopolised the meeting."

Hierteenoor: Hoogstens 40 studente van die P.U. en P.O.K. het op die galery plaasgeneem. Afgesien nou van die redakteur se wanbegrip vir die lewenskragtigheid van studente, kan hy die versekering ontvang dat dit geensins hulle bedoeling was om die vergadering doelbewus te steur nie. Meen die redakteur dalk dat studente maar moet tuis bly en geen kennis neem van wat om hulle aangaan nie? Hulle teenwoordigheid was juis 'n blyk van duidelike belangstelling.

### DEMOKRATIESE REGTE

2. 'n Verdere paragraaf lui dat daar 'n verskil is tussen studentemonstervergaderings en gewigtige politieke besprekings in hierdie krisistyd. Volgens die artikel sou dit beter wees vir studente om 'n spreker na hul eie vergaderings te nooi, waar hulle dan aan hul „noisy feelings" kan lug gee sonder om die ernstige luisteraar te steur. „Gewone goeie maniere en hoflikheid, sonder om eens te spreek van demokratiese regte, vereis dat 'n spreker die geleentheid gegun word om die publiek mee te deel wat in sy gedagtes omgaan."

Afgesien van 'n belediging vir die studente hierin, kan die redakteur gerus nagaan of demokratiese regte nie na twee kante toe sny nie.

Die vraag doen hom verder voor of die redakteur kennis dra van studentemonstervergaderings — en hier bedoel ons P.U.- en P.O.K.-vergaderings en of hy hulle nie verwar met die bekende sings-songs nie? Word studentevergaderings dan beskou as sing-songs, 'n klug of ligsinnige—en dan onnodige—gepraat? Voordat 'n persoon hieroor uitspraak gee, behoort hy hom van feite te vergewis.

3. „Studente moet in gedagte hou dat hulle bv. op Vreugdedae of Jooldae, vir advertensies in hul publikasies, ens. op die welbehae van die publiek aangewys is," lui die artikel verder. „By dieselfde publiek wat hulle vandag steur, moet hulle more weer om geld en steun aanklop."

### WIG

Met hierdie soort argumentasie dryf die redakteur 'n wig in die onderlinge goeie besindheid tussen student en publiek. Dit sou vir hom dalk insiggewend wees om die volgende sommetjie te maak (gestel dat daar sowat 2,000 studente in die dorp is): Gestel elke student bestee die minimale bedrag van slegs £2 sakgeld per maand in Potchefstroom (afgesien nog van die aankoop van studiemateriaal, klerasie, vervoermiddels, ens.)—dan sou hy eindig met 'n aardige en veelseggende bedraggie voor hom.

As redakteur van 'n koerant, wat sy pols op alle terreine van die Potchefstroomse lewe behoort te hê, weet hy seker dat die studentegemeenskap die hart van Potchefstroom is.

4. Hoewel gestel word dat slegs 'n groep studente verantwoordelik was vir die steurings, want daar was „other apparently more mature students who had honest interest in the speech of Mr. Basson" (op wie se skouers nou die taak rus om hul kollegas oor te haal tot 'n meer volwasse gedrag), is die saak hiermee nie uit die lug gepraat nie.

### BETOOG

Nie slegs enekele of 'n groep studente hou Vreugdedag of Jool nie en nie slegs enkele studente (en hul ouers) se kapitaal sirkuleer in Potchefstroom nie. Sodanige betoog het betrekking op die studentegemeenskap as geheel.

5. Ten slotte: Hierdie aanklag van die hoofredakteur van een van Potchefstroom se twee weekblaaie word beskou as vergesog en ondeurdag. Dit skaad nie alleen die goeie verhouding tussen student en publiek nie, maar skaad ook die redakteur se eie koerant.

### GEEN VERSKONING

Die studentegesmeenskap is nòg aan mnr. Basson, nòg aan die publiek van Potchefstroom 'n verskoning verskuldig; en die publiek ook nie aan die studentegemeenskap nie.

**Die redakteur van die blad is egter aan die studentegemeenskap 'n verskoning verskuldig.**

Ter inligting nog die volgende: Prof. L. J. du Plessis, wat as voorsitter opgetree het—en wat terloops nie net deur die studente aangevra is nie—het 'n skrywe van Jan Burger, van „The Star", namens mnr. Basson ontvang waarin hy bedank word vir die goeie vergadering en dit as een van die mees geslaagdes dusver beskryf.

Gesonde en billike kritiek—hetsy van die kant van die publiek op studente, hetsy omgekeerd—is altyd waardevol. Daar moet egter gewaak word teen eensydige en selfs foutiewe bekendstelling van sake.

Indien die verhouding tussen die publiek en die studente van Potchefstroom nie so goed was nie, sou hierdie artikel waarskynlik nooit verskyn het nie, maar in belang van die studentegemeenskap en die publiek hierdie kollegiale regstelling van 'n verkeerde siening.—Red., D.H.



Idyll van der Walt.

# DIE TWEE DIRIGENTE BEGIN TANDE SLYP

„My nobele ingewande klop alweer soos 'n stokou dieselenjin wat net een ‚piston' het, want—Intervarsitie kom weer en vanjaar gaan die hare waai!"

So praat vanjaar se onderdirigent, Hans van Zyl. Na hierdie vakansietjie, verseker albei dirigente Die Wapad, gaan sing-songs opgewarm word, want na die Julievakansie is daar nie meer veel tyd oor vir oefen nie.

En soos die hoofdirigent Idyll van der Walt sê: „Elke Puk moet sy liedjies ken en dan kan ons met trots sê:

„Ons is P.U.-Kaners laat ons sing laat ons sing,
Ons is P.U.-Kaners van die regte soort!"

„Bloemfontein sal vanjaar na baie Uniefeeskore kan luister. Maar hulle sal net eenmaal na die Puk-studentesang kan luister," sê Hans en dis iets om in gedagte te hou. Buitendien word daar altyd meer gelet op die besoekende Universiteit se sang. Daarom moet elkeen „sorg dat hy die liedjies ken en geghries is vir die geleentheid."

Ten slotte moet onthou word dat die dirigent sonder die massa hulpeloos is. As die massa opruk en saamwerk, het U.O.V.S. nie 'n kat se kans nie; op die veld of op die pawiljoen.



Hans van Zyl.

# Combi Nog Voor End van die Kwartaal

**Mnr. Hennie van der Walt, voorsitter van die Studenteraad, het Die Wapad meegedeel dat die Studenteraad nog voor die einde van die kwartaal 'n combi sal aankoop.**

Die hele vervoerskema wat deur die Studenteraad beplan word, nl. om twee combi's en 'n bus aan te koop, sal na verwagting £7,500 bedra, het hy gesê. Die skema sal beslis ekonomiese voordeel vir die Universiteit inhou. Formele toestemming van die Raad moet egter nog verkry word.

Die moontlikheid bestaan dat die Raad geld sal voorskiet, sodat die bus ook nog voor die end van die jaar aangekoop sal kan word. Daar is nou besluit om een groot garage vir beide die combi's en die bus by die Tegniese Departement op te rig, tesame met 'n stoorkamer agter die kafeteria.

# ONDERSOEK NA NUWE DAS

Die Kleurekomitee van die Studenteraad het tydens die jongste vergadering opdrag gekry om ondersoek in te stel na die moontlikheid van 'n nuwe das wat aan alle vereistes sal voldoen.

Dit is bevind dat die das wat op die oomblik deur Joubert en Jacobs aangebied word, nie aanvaarbaar is nie. Die das wat te koop is by Wes-Transvaal Sportwinkel, voldoen in die algemeen aan die vereistes, maar is ook nie aanvaarbaar nie.

Die studenteraad het verder besluit om alle sportuitrusting te laat registreer. Dit hou in dat die bepaalde kleurskakerings van die verskillende artikels vasgelê sal word. Volgens wet moet eers toestemming van die Studenteraad verkry word indien 'n geregistreerde artikel vervaardig wil word, in die ou vorm of in 'n nuwe samestelling.

Indien n' bepaalde firma dus sou besluit om bv. 'n sweetpak met die Universiteitswapen daarop te vervaardig, moet die Studenteraad se toestemming eers verkry word.

Wes-Transvaal Sportwinkel word behou as die alleen verspreiders van kleurbaadjies, erekleurbaadjies en oud-studentebaadjies. Die firma Joubert en Jacobs sal egter ook ander geregistreerde artikels behalwe bogenoemde mag verkoop.

# A.S.B.-Uitstappie na Doornfontein

Op Dinsdag, 17 Mei, het 22 lede van die A.S.B.-tak na die Doornfonteinmyne vertrek om een van die geselligste uitstappies van die jaar mee te maak. Oom Naas van die kafeteria was Senaatsverteenwoordiger.

Skaars het die groep om halfnege aangeland by die myn, of hulle word voorsien van mynuitrusting vir die 5,888 vt. wat hulle moes afdaal. Met loko-koekepanne, spesiaal vir passasiers ingerig, het hulle die werktonnels besoek.

Na 'n onderaardse kuier van 2¼ uur, is hulle van die skag af na die reduksiewerke om die giet van goud te besigtig.

Wat sekerlik groot byval gevind het in die besoek aan die kampong, was die voorbereiding van kafferbier. Oom Naas het die bier smaaklik geniet, met die gevolg dat hy baie opgewonde meegedoen het aan die onthaal wat in die onspanningsaal vir die besoekers gereël is.

Die „Leslie Williams Memorial Hospital", die grootste naturellehospitaal in Suid-Afrika, het groot bewondering uitgelok.

## *Geen Kontak met I.S.K.*

*Die beleidsraad van die A.S.B. en die A.S.B.-kongres het tydens die afgelope Kongres die P.U. se standpunt wat nog altyd gehuldig is deur die P.U.-afvaardiging asook die plaaslike A.S.B.-tak, nl. om nie in te skakel by buitelandse organisasies soos die I.S.K. nie, maar om kontak te soek met organisasies soortgelyk aan die A.S.B., aanvaar, deel mnr. Hennie van der Walt, president van die A.S.B. mee.*

## Oom Naas en sy Horlosie

Tydens die onlangse besoek van die A.S.B.-geselskap aan die Doornfonteinmyne, het oom Naas van die kafeteria gesien hoe sy sakhorlosie platgedruk word in 'n proses waar sy broek (hy het darem nog ánder klere aangehad) deur die wassery van die Hospitaal, wat besoek is, skoongemaak word.

Liewers die horlosie, want anders sou oom Naas dalk sonder broek hier aangeland het.

### LAAT KYSTE

Kreta Bekker en Lourens du Plessis.

Annetjie Oberholzer en Dries Kotzó.

Walda van Vuuren en André du Toit.


**NOORDBRUG KONTANTWINKEL**
(Eienaar: A. G. Botha)
Vir
LEKKERS, SIGARETTE en TOILETWARE
KRUIDENIERSWARE, SKRYFBEHOEFTES.
●
Langs Noordbrug-Poskantoor



*ONS BESIGHEIDSNAME SPREEK VANSELF !*
PARK VRUGTEWINKEL
PARK KRUIDENIERS
PARK FIETSE
(F. F. Tranter)
**Tel. 995** **Van Riebeeckstraat, POTCHEFSTROOM**

MOENIE.....



MET 'N KOUE PAMPOEN OM DIE BOS GELEI WORD NIE!

CORNER FRUIT STORE

„U KEN ONS!"

AJAX

BOEKE EN SKRYFBEHOEFTES

Kerkstraat 159 Foon 3458
POTCHEFSTROOM

Op pad . . .



na

GEEN & VELLEMAN

vir hulle
FOTOGRAFIESE en APTEKERSBENODIGDHEDE.
Volg hom na:
Kerkstraat 178.

*VIR DAARDIE HOL GEVOEL OP DIE MAAG . .*

*BAK ONS DIE*

***Heerlikste Vleispasteitjies***

TURKSTRA BAKKERY

(EDMS.) BPK.

KERKSTRAAT 61



# die wapad

Offisiële Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.


## Vyftig Jaar

IN die drie eeue van Suid-Afrika se geskiedenis was daar stellig nie 'n meer veelbewoë tydperk as die afgelope vyftig jaar nie. Dit is die halfeeu wat op 31 Mei met Suid-Afrika se Goue Jubileumfees ten einde loop.

Die blanke en nie-blanke bevolking het byna drievoudig vermeerder en daarby is gesag verkry oor Suidwes-Afrika, 'n gebied wat tweederdes so groot soos die Unie is. Die omset van produksiegoedere het byna honderdvoudig gestyg, openbare inkomste dertigvoudig, landbouproduksie vyfvoudig en mynwese sewevoudig.

Wat internasionale verhoudinge betref, het S.A. ontwikkel van 'n land met koloniale status tot algehele vryheid en beskik vandag oor sy eie diplomatieke diens. S.A. onderteken nou sy eie verdrae, is volwaardige lid van die V.V.O. en beskik oor sy eie vlag en ander embleme van soewereiniteit. S.A. het sy eie Weermag en Vloot.

Die verhaal van die afgelope vyftig jaar is egter een van spanning, tragedie en teleurstelling, maar ook van hoopvolle verwagting, hoewel die oplossing vir menige vraagstukke nog gevind moet word.

In nouer kring het die Potchefstroomse Universiteit die afgelope vyftig jaar 'n ontwikkeling deurgemaak wat seker die stoutste verwagtings van die oorspronklike stigters oortref het. In 1910 was daar nog nie eens sprake van 'n Universiteitskollege nie en het dit slegs bestaan uit die Literariese Departement van die Teologiese Skool met sewe studente.

Eers in 1951 het die Universiteitskollege die status van 'n volwaardige Universiteit ontvang. Vanaf 1951 tot 1959 het die studentetal van 900 tot 1,635 vermeerder en tans beskik die Universiteit oor geboue waarvan die waarde op £947,460 beraam word.

In die Uniefeesjaar is dit noodsaaklik dat die Universiteit opnuut besin oor sy grondslag, wese, funksie en taak. In die toekomstige ontwikkeling van S.A. sal universiteite 'n rol van toenemende belangrikheid speel, want vir die oplossing van menigvuldige vraagstukke op alle terreine van die volkslewe, sal al hoe meer wetenskaplikes, tegnici, tegnoloë, akademies opgeleide professionele vakmanne en leiers nodig wees. S.A. het verder die taak en verantwoordelikheid om aan Afrika leiding en hulp op tegniese, ekonomiese en kulturele gebied te verskaf.

Die studente van die Potchefstroomse Universiteit—met sy spesifieke karakter en rigting—moet ook so gevorm word dat hulle 'n eie positiewe lewens- en wêreldbeskouing ontwikkel sodat hulle hul verantwoordelikheid en roeping in die lewe kan besef en aanvaar.

Die jaar 1960 sal in die geskiedenis sekerlik aangeteken word as die jaar van dramatiese gebeure—die jaar van die moontlike Republiekwording, van rampe, onluste, stigting van Universiteitskolleges vir nie-blankes en Kleurlinge, 'n aanslag op die lewe van die Premier, veroordeling deur wêreldmening . . . in hierdie jaar is die oë van die wêreld soos nooit tevore nie op die suidpunt van Afrika gevestig.

En nou is die belangstelling in ons eie geledere toegespits op die Uniefees, wat die laaste hoofstuk is in die Unie se Eerste Halfeeu. En ons staan op die drumpel van die Tweede Halfeeu . . . waarheen?


**REDAKSIE EN ADMINISTRASIE:**

HOOFREDAKTEUR ..... ..... ..... ..... ..... ..... ..... ..... *Dirk Herbst* (X041)
ASSISTENT-HOOFREDAKTEUR ..... *Schalk Hoogenboezem* (X042)
NUUSREDAKTEUR ..... ..... ..... ..... ..... ..... *Stoffel Cilliers* (X042)
REDAKTEUR TUSSENUNIVERSITêRE
EN BUITELANDSE SAKE ..... ..... ..... ..... ..... *Dewald Roode* (1566)
KUNSREDAKTRISE ..... ..... ..... ..... ..... *Enid Rautenbach* (1385)
SPORTREDAKTEUR ..... ..... ..... ..... ..... ..... ..... *Isak Lessing* (425)
VARIAREDAKSIE ..... ..... ..... *Piet Bingle en Annemarie Schutte*
NUUSVERSLAGGEWERS:
..... ..... ..... ..... ..... ..... *Gert Scholtz, Andrê Arnoldi en Elsa Pelser*
SPORTVERSLAGGEWERS: *Nic Swart en Marieke v. d. Merwe*
FOTOGRAAF ..... ..... ..... ..... ..... ..... ..... *Johan van der Merwe* (19)
SIRKULASIEBESTUURDER ..... ..... *Herman Oosthuizen* (X041)
PENNINGMEESTER ..... ..... ..... ..... ..... ..... *Ernie van der Merwe*
ADVERTENSIEBESTUURDER ..... ..... ..... *Ben Bierman* (1188)
SPOTPRENTTEKENAAR ..... ..... ..... ..... ..... *Ben van der Walt*
TEGNIESE ADVISEUR ..... ..... ..... ..... ..... ..... *Gouws Oberholzer*


## In U Lig

**ONS STUDENTEGEMEENSKAP wil graag bekend staan as 'n christelike gemeenskap; en tereg, want ons eerbiedig die beginsels van ons christelike Universiteit. En nou vra ons onsself af: Waaraan kan die buitewêreld ons uitken? Waarin lê die onderskeiding tussen n' christelike studentegemeenskap en 'n liberale studentegemeenskap?**

> Johannes 13 : 35: „Hieraan sal almal weet dat julle My dissipels is, as julle liefde onder mekaar het."

Wat is ons onderskeidingsteken? Is dit daarin geleë dat ons Sondag gereeld die Kerk besoek en netjies gekleed gaan, dat ons nie joolkoninginne en tamboernooiens kies nie, dat ons nie danspartye organiseer nie, dat ons mans en dames op verskillende tye die swembad besoek, dat ons . . . ja u kan maar aanvul. Is ons onderskeidingsteken hierin geleë?

Nee! Bogenoemde is net die uiterlike, die vormlike, hoewel dit nie onbelangrik is nie. Ons onderskeidingsteken setel veel dieper, dit lê al hierdie uiterlike dinge ten grondslag: dit is die liefde. Christus sê: „Hieraan sal almal weet dat julle My dissipels is, as julle liefde onder mekaar het."

### UITKENTEKEN

Ons uitkenteken in hierdie wêreld is dus die warme, offervaardige broederliefde. Soos Christus ons liefgehad het, moet ons ook mekaar liefhê. God die Vader het ons liefgehad het Sy ewige uitverkiesende liefde, so lief dat Hy Christus, Sy eniggebore Seun, laat sterf het op Golgotha ter wille van ons oortredinge, en daarom is ons ook liefde aan mekaar verskuldig. „Geliefdes, as God ons so liefgehad het, dan behoort ons ook mekaar lief te hê" (Johannes 4 : 11).

En as ons in hierdie liefde bly, bewaar ons God se gebooie. En daarom gaan ons gereeld Kerk toe, en daarom respekteer ons mekaar se liggame, en daarom is ons ook getrou aan die geestesrigting van ons Universiteit. As die liefde in ons is, is ons gehoorsaam aan die Wet.

### KWAAD WYK

Waar die liefde regeer, wyk die kwaad. As ons liefde onder mekaar het, sal die een homself verloën te wille van die ander, sal ons mekaar se laste dra en as gemeenskap ly as een lid ly, sal ons mekaar liefdevol teregwys as dit nodig is, en mekaar van harte vergewe, in plaas van mekaar te beskinder en te verkleiner.

Ons het baie goeie gebruike en gewoontes en regulasies. 'n Pragtige vorm; maar as dit nie gevul is met die warme, offervaardige broedreliefde nie, is dit 'n witgepleisterde graf, klipharde, yskoue graniet, aaklige Fariseïsme!

Ons kan baie praat en ure-lange besprekings voer oor die kwynende studentegees of die verderwing van ons studentegemeenskap en pragtige aanbevelings doen ter verbetering en ter voorkoming, maar as ons nie liefde onder mekaar het nie, het ons luidende simbale geword. „Laat ons mekaar nie liefhê met woorde of met die tong nie, maar met die daad en in waarheid" (Johannes 3 : 18). Laat ons mekaar liefhê soos Christus

„Hieraan sal almal weet dat julle ons liefgehad het.
My dissipels is, as julle liefde onder mekaar het." Broederliefde—ons onderskeidingsteken in hierdie liefdelose wêreld.

Waar liefde woon gebied die HERE die seën, die lewe tot in ewigheid!

—G. A. HATTINGH.

## 'n Nuwe Huisvader

BINNE ENKELE DAE sal prof. Dirk van Rooy, wat die afgelope dertien jaar huisvader van die koshuise was, die tuig neerlê. Sy opvolger, mnr. C. P. van der Walt, neem die leisels op 1 Junie oor.

Om huisvader van studentekoshuise te wees, is seker nie die begeerlikste taak aan 'n universiteit nie. Dis 'n taak wat vele opoffering, diplomasie, takt, begripvolle leiding, beginselvastheid en besliste optrede verg. Dat prof. Van Rooy aan hierdie hoedanighede voldoen het, ly geen twyfel nie.

By hierdie geleentheid kan ons nie anders nie as om opregte waardering en dank uit te spreek vir die onbaatsugtige wyse waarop prof. Van Rooy hom vir die studentegemeenskap beywer het, vir die billike en nougesette aandag en begrip waarmee hy studente se probleme aangehoor en dan tot 'n vergelyk probeer kom het. Dat hy deurgaans agting afgedwing het, is onbetwisbaar.

Ook aan mev. Van Rooy, wat hom in die uitvoering van sy pligte daadwerklik bygestaan het, wil ons dank en waardering uitspreek. Hoop is in ons harte vir 'n gespaarde en gelukkige lewe.

Dit sou byna nie vergesog wees om te verklaar dat 'n swaard oor die toekoms van mnr. Van der Walt hang nie!

Hy is 'n persoon met milde en opregte belangstelling vir die doen en late van sy medemens — en die student — en daar is dan ook geen twyfel dat hy die plek van sy voorganger waardig sal beklee nie.


Dank is in ons harte vir sy bereidwilligheid en diensbereidheid om hom aan die studentegemeenskap te wy, veral daar dit vele opofferings meegebring het.

Probleme sal legio na vore tree—die weë van 'n student is dikwels duister, maar daarby tog ook mooi en lewenskragtig.

Aan hom en mev. Van der Walt: Sterkte vir die arbeid en die taak wat voorlê.

# DIE NUWE HUISVADER - MNR. C. P. V. D. WALT

**Vanaf 1 Junie 1960 sal mnr. C. P. v. d. Walt optree as die nuwe koshuisvader vir die manskoshuise. Hy volg prof. D. J. van Rooy op wat 13 jaar lank die pos beklee het.**



Mnr. Van der Walt kom oorspronklik van Colesberg, waar hy grootgeword, skoolgegaan en gematrikuleer het. Daarna het hy na Potchefstroom gekom, waar hy vier jaar lank student was aan die Universiteit, en die B.A. en U.O.D. behaal het. Hy het 17 jaar lank onderwys gegee, hoofsaaklik aan die Potchefstroomse Handelskool.

Vir ses jaar het hy deeltyds klasgegee in Staatsleer aan die P.U., maar vanaf 1957 is hy aangestel as voltydse lektor in Staatsleer en geskiedenis.

Mettertyd het hy sy Honneurs B.A.- en M.A.-grade in Staatsleer behaal, en op die oomblik werk hy aan 'n proefskrif ter verkryging van 'n doktorsgraad.

Mev. Van der Walt is ook 'n oud-Puk. Sy was 'n B.A.-student en het uitgeblink in sport en gimnastiek, en was een van die stigters van die hokkie-klub aan die P.U.

Die benoeming as huisvader geld vir vyf jaar, met die moontlikheid van 'n her-benoeming daarna.

## Afrikaner se Houding

*Wat presies moet die Afrikaner se houding teenoor Kleurlinge, Asiate en Indiërs wees?*

*Die Studenteraad het besluit om 'n kommissie bestaande uit ses lede aan te wys om die saak te ondersoek.*

*Die lede van die kommissie is: mnre. Hennie van der Walt (konvenor) en Louw van Wyk, as Studenteraadslede; mnre. Koos du Plooy en Prinsloo Potgieter as A.S.B.-bestuurslede en mnre. Rassie Smit en Gert Snyman as buitestanders.*

*Die verslag van die Kommissie sal aan mnr. Daan van der Merwe, direkteur van rasse - aangeleenthede van die A.S.B., voorgelê word.*

# *Vreugdedag Moet Verdwyn*

## —Jan Ras

„Ek wil graag aanbeveel dat Vreugdedag in die toekoms op 'n ander lees geskoei sal word en dat Vreugdedag soos ons dit tans ken, verdwyn en in die plek daarvan 'n kermis of karnival sal kom," het mnr. Jan Ras, voorsitter van die Vreugdedagkomitee, in 'n onderhoud met Die Wapad verklaar.

Mnr. Jan Ras het, na die jaarlikse Vreugdedag wat onlangs op Klerksdorp gehou is, gesê dat die Potchefstroomse Universiteit daarvan moet afsien om Vreugdedag buite Potchefstroom te hou.

Die studente kan onmoontlik almal na 'n plek soos Klerksdorp vervoer word, sodat daar reeds van die begin af 'n struikelblok in die weg van die heelhartige steun van die studentemassa sal wees.

### FINANSIES

Die finansies ly ook baie met 'n Vreugdedag op 'n ander plek, het mnr. Ras gesê. Brandstof moet voorsien word, asook busse en ander middele van vervoer.

Hy het verder gesê dat Potchefstroom hom nie goed leen vir 'n Vreugdedag soos die Jool wat op groot plekke gehou word nie. Geld vloei baie meer vrylik in groot stede as in 'n plattelandse dorp soos Potchefstroom.

As 'n verdere oorweging ter ondersteuning van sy aanbeveling het mnr. Ras gesê dat studente nie so maklik en so baie „gees kan vang" as hulle van die begin af weet dat Vreugdedag nie in die onmiddellike nabyheid plaasvind nie.

Vanjaar se sierwaens het ongeveer driehonderd pond gekos, en die bedrag sou beter aangewend gewees het as dit as uitgawe vir 'n groot studentekermis bestee kon gewees het, het hy gesê.

Die gewone kollektelyste kan nog uitgestuur word, soos wat tans die geval is.

Soos met die pasgehoue Vreugdedag die geval was, en dit jaar na jaar gebeur, het die straatkollekte nie al die onkoste verbonde aan die bou van sierwaens, ens. ten volle gedek nie.

# TALLE BEURSE VIR OORSESE STUDIE BESKIKBAAR

VIR YWERIGE en ondernemende Pukke is daar in die toekoms volop kans vir verdere studie, hier en oorsee. 'n Groot aantal en 'n verskeidenheid studiebeurse is weer eens beskikbaar, volgens inligting wat onlangs bekend gemaak is.

Die Italiaanse regering bied vir die akademiese jaar 1960/61 beurse aan wat strek oor agt of tien maande. Die beurse van agt maande is bedoel vir slegs een jaar se studie, terwyl dié van tien maande jaarliks hernieu kan word. Die beurse bedra £34 per maand en moet dien ter verkryging van 'n bepaalde graad of diploma.

Daar is verder korttermynbeurse van een tot drie maande vir studie van die Italiaanse taal en kultuur, of in musiek. Aansoeke vir hierdie Italiaanse beurse kan by die Italiaanse konsulaat gedoen word.

Churchill College te Cambridge bied drie nagraadse studiebeurse aan. Een beurs is vir die verkryging van die graad Ph.D. en die ander beurs vir die verkryging van een of ander nagraadse diploma of sertifikaat. Die derde is 'n Gulbenkian-navorsingsbeurs.

### AUSTRALIË

Hierdie beurse geld vir die akademiese jaar wat oorsee in Oktober begin. Vir die beurse moet kandidate genomineer wees deur 'n universiteit of ander inrigting.

Australië bied ook vanjaar onder die Statebondsbeurskema nagraadse studiebeurse aan wat geldig is vanaf ingang 1961. Die beurse strek oor 'n tydperk van twee jaar en moet gebruik word om 'n bepaalde graad te behaal.

Voorsiening word gemaak vir gratis lugreise heen en terug na Australië, vrystelling van klasgelde en onderhoudstoelaes van £A600 tot £A940 per jaar.

Die Franse regering bied vanjaar vier beurse van agt maande aan vir Suid-Afrikaanse studente. Die beurse geld vir die akademiese jaar 1960/61 en bedra £26/10/- per maand. 'n Bykomende beurs word toegestaan aan diegene met slegs 'n elementêre kennis van Frans, om vir twee maande lank 'n intensiewe kursus in die Franse taal te loop. Die aansoeke vir hierdie beurse kan by die Franse konsulaat gedoen word.

Ook die W.N.N.R. bied vanjaar verskeie nagraadse beurse aan vir gerigte navorsing hier te lande en oorsee.

Verdere besonderhede oor al die genoemde beurse kan by die kennisgewingbord of die Administrasiekantoor verkry word.

## Landsdienskamp

'n A.S.B.-landsdienskamp vind tydens die eerste week van Julie naby Nelspruit plaas.

Dit staan alle ingeskrewe studente vry om die kamp by te woon teen die minimum onkoste, reisgeld ingesloten in Transvaal, van 5/-. Lesings en demonstrasies i.v.m. landsdiens en gesellige uitstappies, sal die verblyf opvrolik.

Indien meer inligting verlang word, skakel met mnr. Hannes Els van Postmahuis.

# STUDENTENUUS VAN ELDERS

**VERSKEIE VERTEENWOORDIGERS van Oos-, Wes- en Sentraal-Afrikastate het onlangs die tweede Afrika Studieseminaar aan die Universiteitskollege in Addis Ababa, Ethiopië, bygewoon. Hoewel die Federasie van Noord-Afrikaanse studente 'n afgevaardigde na die seminaar gestuur het, het die Nasionale Unie van Suid-Afrikaanse Studente geen waarnemer afgevaardig nie.**

Luidens 'n hoofartikel in die eerste uitgawe van The African, amptelike orgaan van die seminaar, is vraagstukke met betrekking tot die hele Afrika bespreek. Intensiewe bespreking is egter gewy aan die toestande in die Unie van S.A. en veral die beleid van rasse segregasie het wye bespreking uitgelok.

Die hoofredakteur van die blad, ene Alan Dock, verklaar dat die dringendste bespreking uitgelok is deur die koloniale en ekonomiese onderdrukking van sekere rasgroepe in verskillende Afrikalande en die kwessie van rasse diskriminasie.

Hy betreur verder dat Suid-Afrika geen verteenwoordigers na die seminaar gestuur het nie, aangesien afgevaardigdes sodoende geen eerstehandse inligting kon verkry nie.

* * *

### WIL JUK AFHÊ

'n Student in Oos-Afrika, 'n sekere Mutambanengwe, het onlangs 'n interessante stelling gemaak.

Hy sê dat studente in lande met politieke, ekonomiese, kulturele en opvoedkundige stabiliteit minder politiekbewus is as in lande waar hierdie stabiliteit en rus nog ontbreek. In eersgenoemde lande lê studente hul veel meer toe op die verbetering van gesondheidsgeriewe, toere, behuisingstoestande en helaas ook aan studie.

Die meerderheid studente in Noord-Amerika en Europese lande, benader studentevraagstukke dan ook in hierdie lig.

In Afrika is die prentjie egter anders. Hier neem die studente nog 'n leidende aandeel in pogings om hul onderskeie state onafhanklik en vry verklaar te kry. Hulle wil die juk van blanke oorheersing, imperialisme en kolonialisme van hul skouers afhê.

* * *

'n Damestudent van Ghana, Susie Puplampo, sê dat die grondslag van apartheid en rassediskriminasie vrees is: vrees by die blanke dat die nie-blanke („African") sy gelyke sal word. Bie Bantoe-onderwys Wet in S.A., die verskillende onderwysstelsels vir blankes en nie-blankes in Suid-Rhodesië, Nyassaland, Kenia en S.A. is vir haar praktiese bewyse hiervan.

Apartheid is nie soseer gemik op rassesuiwerheid nie, maar om die nie-blanke in dieselfde agterlike staat te hou as toe die blanke vir die eerste keer met hom in aanraking gekom het.

* * *

### MOENIE KYS NIE

Dit is uiters onwenslik dat hoërskoolleerlinge „gekys" raak, het eerw. Stephen Daday, hoof van die Sentrale Katolieke Hoërskool van Alentown, in die V.S.A., besluit, en alle kysery tussen sy leerlinge ten strengste verbied.

Leerlinge wat tekens van blywende verliefdheid op mekaar toon, sal voortaan nie aan sport en ander leerlingbedrywighede mag deelneem nie.

„Kysery", het die geagte skoolhoof verklaar, maak gekonsentreerde studie onmoontlik en lei tot huwelike tussen persone wat emosioneel nog nie ryp genoeg daarvoor is nie, en soms ook tot verpligte huwelike.

* * *

Bykans twaalf vooraanstaande Amerikaanse Universiteite in die omgewing van New York het 'n komitee vir Suidwes-Afrikaanse sake in die lewe geroep. Die doel van die komitee is om fondse in te samel vir „die wêreld se mees onderdrukte mense."

* * *

Studente van die Natalse Universiteit het onlangs met 'n baie oorspronklike plan voor die dag gekom om hul jaarlikse jool te adverteer. Twee dames en 'n man het 'n hospitaalbed op 'n gewone parkeerplek ingestoot en toe rustig begin kaartspeel. Hulle was slegs in „shortypyjamas" gekleed.




DIENS!

OP DIE PUNTE VAN ONS VINGERS . . .

SUID-APTEEK

BOTHASTRAAT 80

PROTEA-APTEEK

KERKSTRAAT 86



Uit die mond van die suigeling . . . . !



Dameth en Heerge

Die Bult Apteek

IS TOT U DIENS

Vlak onder u Neus

Tomstraat 86 Tel. 3091





MOENIE SOEK NIE!

'n Oud-P.U.-Kaner het dit REEDS gevind

Aptekers J. P. van der Walt

(EDMS.) BPK.

POTCHEFSTROOM SE MODERNSTE APTEEK

Kerkstraat 118 — POTCHEFSTROOM — Telefoon 929

# Hennie van der Walt— Loopbaan van Diens in Studentelewe

MET die verkiesing tot President van die Hoofbestuur van die A.S.B. tydens die onlangs gehoue kongres te Heidelberg, het die studenteloopbaan van mnr. H. J. D. van der Walt, voorsitter van die Studenteraad, 'n hoogtepunt bereik.

Hennie van der Walt het sy studenteloopbaan aan die Universiteit in 1954 begin nadat hy die matrikulasie-eksamen aan die Potchefstroomse Hoër Gimnasium afgelê het.

Vroeg in sy tweede jaar word sy bekwaamhede en veelsydigheid op die proef gestel deurdat hy tot konvenor van die tweedejaarskomitee verkies word. Voorts is hy organiseerder van die Alabama Studente-orkes en dien op die administrasie van Die Wapad.

### VEELSYDIG

As voorsitter van die Alabama Studente-orkes was Hennie in 1956 grootliks verantwoordelik vir 'n geslaagde toer van dié liggaam deur Wes-Transvaal en Noord-Kaapland. In dieselfde jaar word hy verkies as penningmeester van die A.B.K.K. en deur die Studenteraad benoem as addisionele lid van die Vreugdedagkomitee.

Dit was veral op laasgenoemde komitee dat Hennie hom weens sy sterk organisatoriese aanleg onderskei het, toe hy in 1957 as voorsitter van Vreugdedagkomitee aangewys is. Sy puik reorganisasie van hierdie komitee word vandag nog gevoel. Hy word ook vir die tweede agtereenvolgende keer verkies tot voorsitter van die A.S.O. en dien op die besture van drie hoofliggame van die Studenteraad, t.w. die A.B.K.K., die S.S.B. en die A.S.B.

### EERSTE ONDERSEKRETARIS

Vir die eerste keer benoem die Studenteraad 'n ondersekretaris in die persoon van Hennie van der Walt.

In 1958 dien hy op die dagbestuur van die Studenteraad en wel as sekretaris. As bestuurslid van die plaaslike tak van die A.S.B., neem hy al die reëlings waar vir die jaarlikse A.S.B.-kongres wat in April hier plaasgevind het. Na afloop van die kongres word hy as Direkteur van Landsdiens op die hoofbestuur verkies. Aan die einde van 1958 word Hennie as voorsitter van die Studenteraad verkies en verower 'n Abe Bailey-beurs vir 'n oorsese reis saam met mnr. F. W. de Klerk.

As voorsitter van die Studenteraad in 1959, het Hennie verskeie veranderinge in die studentelewe aangebring, bv. die verandering van die verkiesing soos dit verlede jaar in werking gestel is. Op die hoofbestuur van die A.S.B. word hy in 1959 as onderpresident verkies.

Die besondere eer het hom te beurt geval deurdat hy aan die einde van 1959 vir die tweede keer as voorsitter van die Studenteraad verkies is.

Hiermee het Hennie van der Walt die eerste persoon geword wat vir vier agtereenvolgende jare op die Studenteraad gedien het.

### SPORTGEBIED

Ook op die gebied van sport het Hennie hom onderskei. In sy eerstejaar speel hy gereeld vir die onder 19-span voetbal asook vir die Wes-Transvaalse onder 19-span. Op die bofbalveld het hy uitgeblink as speler in die eerste span.

Vanaf 1955 speel hy gereeld vir Theos en word in 1957 uitgenooi na die Wes-Transvaalse proewe. In 1959 moes hy hom weens drukke werksaamheid aan sport onttrek. Hy behoort ook tot die „orde vyftig" deurdat hy 67 wedstryde vir die eerste voetbalspan gespeel het.



Hennie van der Walt.

Op interuniversitêre gebied het hy telkens na vore getree. In 1957 verteenwoordig hy die Universiteit op die jaarkongres van Sabra te Pretoria. In 1958 het hy die Studenteraad verteenwoordig op 'n konferensie insake sportsentralisering. Vanjaar is hy voorsitter van die Nasionale Party Tak aan die Universiteit en dien op 'n uniale komitee wat besig is om 'n konstitusie op te stel vir n' jeug-arbeidsorganisasie om selfwerksaamheid te bevorder.

Hennie is vanjaar besig met sy finale jaar vir die LL.B.-graad, maar beoog verdere studie.

## SCHILLER OP PLATE

Die Duiste Vereniging het op Woensdagaand, 18 Mei, in De Klerkhuis se ontvangssaal vergader.

'n Gesellige aandjie is deurgebring met die speel van plate oor die werke van Schiller. Alle Duits I, II, en III studente en alle belangstellendes word vriendelik uitgenooi na vergaderings van die Duitse Vereniging.

## Geoloë Bedrywig

Een van die bedrywige akademiese verenigings aan die Potchefstroomse Universiteit, die Geologiese Vereniging, het Maandagaand, 16 Mei, 'n interessante vergadering gehou. Dr. H. C. M. Whiteside het die gehoor, wat o.a. bestaan het uit 17 geoloë van omliggende myne, grafie van die Verre Oos-Rand, Oos-Rand. Die besoekende geoloë het lewendig aan die bespreking deelgeneem.

Twee weke gelede het dr. F. C. Truter, direkteur van geologiese opname, 'n praatjie gelewer oor die geologiese opname en eerskomende Maandag hou 'n Walliser, mnr. Platt, 'n lesing oor vulkanisme voor die vereniging.

In Februarie het die Suid-Afrikaanse Geologiese Vereniging hulle jaarlikse kongres hier gehou, by watter geleentheid ekskursies na die omgewing en Betsjoeanaland gereël is.

Die vereniging stel verder 'n bedrywige program vir die res van die jaar in die vooruitsig. Behalwe heelparty lesings wat deur gesiene geoloë gelewer sal word, gaan die vereniging die eerste week van Julie na die inter-universitêre kongres te Durban. Daartydens sal hulle ekskursies onderneem na Zoeloeland.

In die laaste week van Julie sal 'n besoek gebring word aan Griekwaland Wes.

## STUDENTE NA PRETORIA

Vroeg-vroeg Woensdagoggend, 18 Mei, het 'n dertigtal Pukstudente per motor na Pretoria vertrek om 'n besoek te bring aan die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde. Die uitstappie is gereël deur die Natuurwetenskaplike vereniging aan die Universiteit.

„Die doel hiervan is om die studente nouer kontak met die praktyk te laat vind," het mnr. H. D. Nelson, voorsitter van die Vereniging aan die verteenwoordiger van Die Wapad gesê.

Die studentegroep, begelei deur dr. P. A. J. Ryke, het die voormiddag in die Buro deurgebring en in die namiddag 'n besoek gebring aan die Transvaalse Museum.

## Prestasie Behaal

'n Aptekersbaadjie met spesiale onderskeidingsteken en wapen is op die jaarlikse aptekersbraaivleis aan mnr. Johan van der Walt oorhandig.

Mnr. Van der Walt, wat binnekort sy studies oorsee sal voortsit, is 'n voormalige voorsitter van die Aptekersvereniging en die tweede persoon om die onderskeidingsteken te ontvang.

Die Aptekersbraaivleis, waarheen alle studente uitgenooi is, het in gesellige luim op die Oude Molenterrein plaasgevind.

Daarna is aan belangstellendes films oor die aptekerswese vertoon in die Chemiegebou.

## HOËR ONDERWYS VIR DIE BANTOE

—deur EDDIE DE JAGER

**SOOS enige ander Universiteit het ook die Bantoekolleges twee primêre doelstellings, nl. akademiese en sosiale vorming. Albei is verantwoordelik vir die algemene lewens- en wêreldbeskouing van die student.**

Akademies voldoen die Bantoe Universiteitskolleges aan die hoogste vereistes: doseerwerk word verrig deur deeglik opgeleide en bekwame wetenskaplikes, die leerplanne van die Universiteit van Suid-Afrika word vervolg en hulle eksamens word afgelê.

Sosiale vorming word grootliks aan die studente self oorgelaat—hulle moet sorg vir ontspanning en sosiale verkeer onder mekaar.

### DIEN GEMEENSKAP

'n Verdere fundamentele doelstelling van 'n universiteit is dat dit die gemeenskap waarin dit staan, moet dien—gemeenskap hier gesien in sy breëre verband. Alle universiteite oor die wêreld staan in die lig

**Die tweede in die reeks artikels oor Bantoe-onderwys. Hierdie artikels verteenwoordig nie noodwendig die mening van die Studenteraad of die redaksie nie.—Red.**

van hierdie vereiste, want daarsonder kan dit nie bestaan nie.

Die Bantoe Universiteitskolleges voldoen ook aan hierdie vereiste, en dan nog in 'n groter mate as die blanke universiteite van Suid-Afrika.

Die Bantoe het reeds die vrug van die westerse beskawing geproe en dit sal dus nie regverdig wees om dit nou van hom af weg te neem nie. Ewemin sal dit help om daardie erfenis, wat ook syne is, hom aan te bied op so 'n wyse dat hy dit nie kan waardeer nie. Die kolleges wil aan die Bantoe hierdie westerse beskawing op so 'n manier aanbied dat dit vir hom van waarde kan wees, maar hy moet ook die mooie van sy tradisionele kultuur behou.

Dit kan nie gebeur in omstandighede waar hy slegs aan westerse invloede blootgestel is nie. Die Bantoe Universiteitskolleges wil dus 'n klimaat skep waarin die Bantoe sy westerse erfenis kan ontvang maar ook die mooie van sy eie kultuur kan behou.

### BEGINSEL

Dit is 'n erkende beginsel dat in 'n situasie van akkulturasie beide kulture wat die situasie uitmaak, hulle eie moet behou, veral waar die een kultuur, ook onder druk van faktore soos ekonomiese en sosiale magsposisie sterker is as die ander. Die kulture in so 'n proses van akkulturasie moet as komponente optree en mekaar aanvul, m.a.w. hulle moet mekaar nie vernietig nie.

Hierdie beginsel word ten volle verwesenlik in die hoër onderwys van die Bantoe. Die Bantoekolleges moet dus manne en vroue lewer wat hierdie gebalanseerde erfenis kan uitdra, en wel op so 'n wyse dat die Bantoe die meeste voordeel moontlik daaruit sal trek. Aan hierdie besondere roeping en taak kan slegs inrigtings soos die pas ingestelde Universiteitskolleges vir Bantoe hoër onderwys voldoen.

Dit is my eerlike mening dat hierdie kolleges sal slaag gaan vorm van die Bantoe se toekomstige ontwikkeling deur sy eie mense.

### IDEAAL EN DOEL

Wat 'n pragtige ideaal sal vervul wees as dit gebeur! Waarom wil die teenstanders van hierdie kolleges ons nie 'n regverdige kans gee nie? Omdat hulle bang is dat die kolleges 'n sukses sal wees en dan verval al hulle sg. argumente—en die kolleges kán en sál 'n sukses wees!

Daar is egter nog 'n derde en baie belangrike doel wat die inrigtings vir hoër onderwys aan die Bantoe dien: dit stel daardie Bantoe wat nie in staat was om die blanke Universiteit by te woon nie, hoofsaaklik om finansiële redes, in staat om nou hoër onderwys te geniet. Verder nog, is dit geen minderwaardige opleiding nie, maar 'n opleiding wat aan alle vereistes op die vlak van hoër onderwys voldoen.

Met die instelling van hierdie kolleges is voldoen aan 'n leemte wat al baie jare bestaan in die ontwikkeling van die Bantoe. Persone wat dit opponeer dra nie werklik die belange van die Bantoe op die hart nie. Daar bestaan nou eindelik vir die Bantoe Universiteitskolleges wat absoluut aan alle vereistes voldoen, waar hy nie sosiaal uitgestoot is nie, maar waar hy kan studeer en sosiale omgang kan hê tussen sy eie mense, waarvan hy homself een voel en waarin hy homself kan uitleef.


Cachet Modes

(EDMS.) BPK.

Tomstraat 92.
POTCHEFSTROOM.
Telefoon 1389.

Ons spesialiseer in drag vir jong dames, veral

KERKDRAG

★ NOMOTTA-WOL in voorraad.



„LIEWE INGRAM, EK VERLANG"

BESOEK —

INGRAM SE DRANKWINKEL

Allerlei • WYNSOORTE, BIER en STERKDRANK

asook • KOELDRANKE en VARS LEMOENSAP

(5/- 'n halwe kan — 9/6 per gellingkan)

„EK GAAN TERUG NA OU INGRAM AS EK KAN"

# Die Student en Ernstige Vraagstukke

Geagte Redaksie,

In Hosea 4 : 6 staan: „My volk gaan ten gronde weens gebrek aan kennis." Hoe aktueel het hierdie woorde nie weer geword in hierdie tyd waarin ons lewe nie. Ook ons volk sal ten gronde gaan weens gebrek aan kennis. Waar lê dan die fout?

Die fout lê by ons studente.

Wat he'p dit dat ons as studente goed presteer op die gebied van die akademie en op sportgebied, maar op ander terreine van die lewe waar ons ons man sal moet staan, faal? Wat help dit dat ons knap koppe die lewe instuur maar mense wat so ongebalanseer is dat hulle hulself nie kan handhaaf ten opsigte van staat en maatskappy nie? Wat help dit om akademici en sportmanne te kweek terwyl hulle mense is wat nie weet wat om hulle omgaan nie?

**KORPS EN A.S.B.**

In hierdie opsig doen Korps en A.S.B. dan ook waardevolle werk. Hierdie twee verenigings help ons om te sien wat om ons aangaan en om ons te leer waarvoor ons staan. Maar dit is nie genoeg nie. Dit help nie om net van hierdie twee liggame afhanklik te wees nie.

Ons moet ook self ondersoek instel na wat om ons aangaan. Ons moet onsself ook vergewis van ons standpunt en nie maar ruggratloos met die algemene opinie saamdryf nie. Ons moet ook egter nie net verskil om stroomop wees nie. Ons moet ons oriënteer ten opsigte van ons posisie. As studente moet ons reeds begin want dit help nie om dit eers te wil doen as ons in die maalstroom van die lewe is nie.

Adv. J. van Wyk de Vries het op die jongste vergadering van Korps die onrusbarende feit gestel dat verreweg die meeste studente wat ons Universiteite verlaat LIBERALISTE is. Hoe sal ons onsself teenoor hulle kan handhaaf as ons nie weet wat rondom ons gebeur nie en maar die houding inneem van: dit is nie nou my probleme nie.

**HOOP VIR TOEKOMS**

As ons ons as studente ingrawe in die probleme van die land, dan is daar tog hoop vir die toekoms. Eers as ons skouer aan die wiel sit, kan ons seën van Bo verwag. Ons neem kennis van wat gebeur het omdat dit nuus en sensasie is, maar ons vors nie na wat ons taak en posisie is ten opsigte van die veranderende toneel nie.

Laat ons as studente, die leiers van die toekoms, vol ons aandag wy aan ons beginsel- en beleidsake. Die tyd? Waarvandaan? Ons kan die tyd gebruik wanneer ons sulke onsin rondom die teekanne praat of wanneer ons so doelloos in mekaar se kamers rondlê.

Het u al gedink wat ons houding in die toekoms teenoor die naturel gaan wees? Hoe moet ons staan teenoor die kleurling en teenoor die Asiaat? Wat gaan die verhouding wees tussen Afrikaanssprekende en Engelsprekende Suid-Afrikaners? Wat gaan gebeur as God en sy gebod uitgeban word?

Het u geweet dat enkele AFRIKAANSE jeugorganisasies die bestaan van God ontken? Dit is maar net enkele groot vrae wat ons as studente sal moet beantwoord.

Kom Pukke, laat ons ten minste aan die werk spring en ons stem oral laat hoor met 'n suiwere klank.

Meneer die Redakteur, hierdie brief is ernstig en opreg bedoel.—

J. H. BONESCHANS.

**EXPRESS**
DROOGSKOONMAKERS
ONS IS TROTS OM U TE BEDIEN
DIENS AAN BLANKES ALLEEN
Lombardstr. 25 — Tel. 3403

## Ernstige Benadering Gevra

Geagte Redaksie,

**Belangstelling van studente in landsake moet allerweë verwelkom word. Dit is die plig wat rus op elke staatsonderdaan en in besonder op die student as die sg. intelligensia van die volk om ten volle op hoogte wees met die toestande en gebeurtenisse in en handelinge van sy staat.**

In die huidige wêreldpolitieke het die plig selfs 'n ruimer betekenis, nl. dat sover moontlik kennis gedra moet word van die ontwikkelinge in die wêreldpolitiek. Alleen teen daardie agtergrond kan gebeure in Suid-Afrika in die regte perspektief geplaas word.

**PARTYSTELSEL**

Met reg word van die staatsonderdaan en die student in besonder verwag om ook die partypolitiek van sy land te ken waar die party dien as kanaal om uiting te gee aan die openbare mening. Die partystelsel is immers noodsaaklik vir die suksesvolle werking van die demokratiese stelsel.

In hierdie lig gesien is dit te betreur dat mense partyblind en politiekmal word, dit verlaag die karakter van die staat, om van die mens nie te praat nie. Temeer is die feit te betreur dat studente hulle skuldig maak aan sodanige gedrag.

Die onlangse politieke vergadering van mnr. Japie Basson het bewys gelewer dat 'n sekere gedeelte van ons studentemassa aan die genoemde kwale ly, dat hulle gevoelens vir hulle te veel geword het en hulle beheer oor sekere sintuie verloor het.

**ONKUNDE**

Die kwaal weerspieël die groot mate van onkunde selfs by studente nie alleen van die wêreldpolitiek nie maar ook die partypolitiek in Suid-Afrika. In hierdie opsig sou verantwoorde gedrag van die student aangedui kan word met die woorde: studie, voorligting, leiding.

'n Veranderde gesindheid in woord en daad sal in ons eie voordeel wees, ons partypolitiek bevorder en ons land in die algemeen bevoordeel. Die veranderde Suid-Afrikasituasie stel die vereiste dat die staatkundige gedagte inslag moet vind by die staatsvolk, hier moet die student die leiding neem maar dit moet polities-verantwoorde leiding wees. Met. dank.—P.H.

## Selfwerksaamheid Onder Soeklig

Geagte Redaksie,

Dit was met belangstelling dat ondergetekendes die brief van G. J. L. Scholtz in die uitgawe van 11 deser gelees het, waar gepleit word dat die student die arbeid wat vir hom verrig word deur bediendes, self moet doen.

Dit kom ons egter voor 'n optimistiese pleitrede te wees. Hoewel daar gladnie sprake is van „kafferwerk" nie, moet tog die onderskeiding gemaak word van hoof- en handearbeid.

Nou wil ons studie nie as hoofarbeid (dit is geen arbeid) bestempel nie, maar hierdie voorbereiding van die student tot sy lewensarbeid, verg al sy tyd en krag (of behoort). So ook is die handearbeid wat in die koshuise verrig word (ongeag of dit gedoen word deur 'n blanke of nieblanke arbeidersklas) 'n voltydse werk. Hierdie twee, nl. skoling en ongeskoolde arbeid, kan nie gekombineer word nie.

**GEEN REDE NIE**

Geen idealistiese redevoerings dat die student altyd nog baie tyd het om te mors, moet aangevoer word nie. Dat daar ontspanning moet wees, is ook God-gewil. Ontspanning sal nie die vorm van handearbeid—ongeag of dit die karakter van loonarbeid (verminderde koshuisgelde) dra of nie—kan aanneem nie. Want dit is nie meer ontspanning in die regte sin van die woord nie, nl. dat daar tyd bestaan vir geestelike arbeid en deelname aan verenigingslewe, sport, ens. Dankie vir plasing.—N. BOTHA en F. DENKEMA.

## Briewebus

**Slaapliefhebber:** Miskien 'n rapsie onnodig om so te velde te trek. Die brief word verwys na die kommissie wat die sosiale lewe ondersoek.

**Fantum:** Ook die brief is verwys na bogemelde kommissie. Sommige dele is darem te kras.

## *Varia:*

# In die Winter Moet 'n Mens Mos Warm Bly

Die winter met sy koue is hier. Vir baie hou dit net een ding in . . . word warm!

Daarom juis het die volgende vriende uit ons midde dit goed gedink om die hart warm te laat klop, en maar te kys.

**Koos Brink** en **Ria Nel**, 'n Poot.

**Hannes Sauerman** en **Antoinette Kruger**, 'n ander Poot.

**Dries Yssel** . . . ook hy het die Potedom ingevaar.

**Kobus Eloff** en **Ansie de Wet.**

**Jorrie Jordaan** en **Isabel Rabé.**

**Corrie Viljoen** en **Stienie Scheepers.**

**VERLOOF**

En toe raak **Ena Beytel** verloof aan **Gert Koster**, 'n boer uit Parys se wêreld.

**Alice Schenk** en **Victor van der Walt**, van Welkom.

Aan hulle almal sê ons: Hartlik geluk.

Geniet dit!

**SAAM GESIEN**

**Willie Kuperus** en **Rina du Plessis.**

**Perietjie Kruger** en **Mereika Myburg.**

**Willie Froneman** en **Ria Lourens.**

Aan hulle almal sê ons . . . toenou.

### Wie Weet Dit Nie?

**Op Dinsdag 24 Mei sluit die Puk vir 'n spesiale Uniefeesvakansie. Op Woensdaggegend 1 Junie neem alle klasse weer 'n aanvang, en dan lê daar vir die Pukke 'n strawwe tydjie voor met al die toetse.**

**As 'n vertroostende nagedagte moet ons darem byvoeg dat nie te lank daarna nie sluit ons weer, die keer vir die wintervakansie wat op Donderdag 30 Junie begin.**

**AMPER**

So byna-byna het **Kobus Yssel** op eie onkoste 'n spesiale uitgawe van Die Wapad laat verskyn om aan te kondig dat die nuus waarmee hy by Gathland aangekom het—dat hy verloof is—nie 'n getroue weergawe van die ware toedrag van die saak was nie.

Die ou kêrel was net lelik benoud. Hy sal seker nie gou weer die verspreider van sodanige nuus wees nie!

**So tussen ons gesê:** Rembrandt en die Pote het mos iets in gemeen: beide maak „meesters" van twak.

**PALE EN VERF**

In die ou-ou tyd, nog voor die bekendheid van dokters en medisyne, het die barbier al die paal of pilaar voor sy deur met rooi en wit strepe geverf.

Nou hoekom so?

Hoekom nou juis rooi en wit strepe, en wat gaan dit nou juis Die Wapad aan . . . of die paal nou geverf is of nie?

Maklik! Destyds het die barbier die oopsny en toewerk van pasiënte gedoen. Hy was 'n eerlike man en wou nie die indruk skep dat sy operasies verloop sonder die stort van 'n druppel bloed nie. En toe maar so af en toe die paal 'n rooi blerts gegee—want bloed was destyds al rooi.

**KULU SE DAMES**

Nou wat het die verwery met die prys van 'n halwe skaap op 'n Saterdagoggend te doen?

Die dames van Kulu . . . het op 'n blink-blou Saterdagmore besoek ontvang van 'n hottie, gewapen met blikke en kwasse en verf, en 'n paar wit tekkies. So het hy dan die vierkant betree met spronge.

'n Metamorfose—dit het die vierkant van Kulu ondergaan. Alles wat verfbaar was, is geverf: die banke, die kraan en die res . . .

Ook die wasgoeddraadpale!

En nie sommer so nie . . . Dis nou hier waar die barbierstorie hom bruikbaar maak . . . Die pale was sulke allerhande kleure geblêrts.

En toe dink die mans mos dis 'n barbier, en stryk toe sommer regdeur vierkant toe.

Dr. M. S. Louw, bekende Suid-Afrikaanse ekonoom, lewer op 1 Junie 'n toespraak in die Hoofgebousaal voor die Ekonomiese Vereniging.

**Dis nou vir jou lewe, hoor!... en DIS VIR JOU BIER!**

***Gawe geselskap, geurige kos en koue Castle!***

As daar te kies en te keur op die tafel is en 'n man jou eerste watertand-lekker hap neem - is koue Castle dubbel welkom. Heerlike, skuimkoue Castle is geurryk aan smaak en kragryk aan goeie, gesonde bestanddele, daarby pas dit by iedere geleentheid. Geniet Castle - die keurbier vir louter plesier - in kannetjies of bottels.






**SUID-AFRIKA SE UITSOEKBIER**

Grant 345/5877 2A

